

# Maties Vriende van Afrikaans

SR-kantoor, Privaatsak X1, Matieland, 7602

Nuusbrief 96/3, 1 Mei 1996

## Beste Vriend

Hierdie maand begin gelukkig met 'n vakansiedag: net genoeg tyd om die derde nuusbrief die lig te laat sien! Die uitleg het verander en vir die eerste keer word advertensies geplaas. Netnou meer hieroor.

In *Die Burger* van 30 April 1996 (berig hieronder) word berig oor 'n groep studente wat hulle uitgespreek het vir die behoud van Afrikaans as voertaal van die Universiteit van Stellenbosch. Die groep bestaan uit onafhanklike studente, verteenwoordigers van kultuurverenigings (insluitende MVVA) en politieke partye wat die belang van Afrikaans op die hart dra en hul kragte saamsnoer.

Omdat die oorgrote meerderheid studente (en ook personeel) saamstem dat Afrikaans die voertaal van ons universiteit moet bly is beluit om hierdie steun deur middel van 'n versoekskrif onder beleidmakers se aandag te bring. Insameling van handtekeninge vind gedurende die eerste week van Mei in die koshuise, privaatwyke en *Neelsie* plaas. Die voltooiende vorms sal tydens 'n opmars van studente wat hul steun vir die universiteitsbestuur wil toon aan die rektor, prof. Andreas van Wyk, oorhandig word. Hou asseblief die kennisgewingborde dop vir meer inligting.

Soos in die eerste nuusbrief genoem adverteer MVVA graag ondernemings wat Afrikaans tot sy reg laat kom. Dié maand verskyn vier sulkes se logo's. Lede word aangemoedig om hulle te ondersteun: so word 'n duidelike boodskap oorgedra dat moedertaaldiens waardeer word en besigheid bevorder. Sake-oorwegings sal ander ondernemings hopelik lei om die voorbeeld te volg.

Wat die stand van sake binne MVVA betref die volgende: ons het tans 66 ingeskrewe lede en groei teen 'n geweldige tempo. Laat **Wynand Meyer** (MVVA-verteenvoerder van Majuba) 'n voorbeeld wees: hy het sedert die begin van die jaar 23 lede gewerf. Op dié manier kan MVVA-lede 'n bydrae maak: probeer elkeen om minstens een ander lid te werf.

MVVA betree nou ook die *Internet*. Nuusbriefe en ander inligting word na die Afrikaans-besprekingsgroep op die universiteit se tuisblad gepos vanwaar dit beskikbaar is vir die hele wêreld. Die adres van die tuisblad is <http://www.sun.ac.za>. Neem gerus deel aan die hewige debat rondom die universiteit se taalbeleid wat daar woed.

Ledekaartjies word so spoedig as moontlik aan nuwe lede besorg. Die kaartjie se koste word gedek deur die R10-ledefooï. Bewaar dit veilig: dit gaan nog vir jou deure oopmaak (lees in die gedeelte oor *De Vine* meer hieroor). Enkeles se ledefooï is egter nog uitstaande. Betaal dit asseblief so gou as moontlik: die geld is die olie in die ratte van ons bedrywighede.



Net iets kort oor elkeen van die advertensies: *De Vine*, geleë in die Ryneveld Plaza in Ryneveldstraat, is onder die eienaarskap van **Willie van der Westhuizen**. Sy spyskaart is werklik iets om te aanskou (en lewer 'n bydrae tot die Afrikaanse kultuur). Sommiges beweer mos 'n spyskaart kan net in Engels, Frans of Italiaans opgestel word! Willie onderneem om 15% afslag op al sy nie-spesiale aanbiedings aan MVVA-lede toe te staan as hulle ledekaartjies toon.



**Michael van Niekerk en Sarie van Tonder**, onderskeidelik die eienaars van *Coetzenburg Kampus Apteek* en *Tisami Tuisnywerheid*, verdien lof vir die wyse waarop hulle Afrikaans 'n plek in die

*Neelsie* gun. Beide voel dat 'n onderneming se taalbeeld dié van sy klandisie moet weerspieël.

**Tisami**  
TUISBEDRYF

**Gerhardt Jooste**, betruurder van die nuwe *Neelsie Sentra* wat op 8 Mei oopmaak, het by navraag gesê dat kennisgewings in sy winkel Afrikaans sal wees. Hy voorsien ook dat lede van MVVA by die toon van hul ledekaartjies sekere voordele van die winkel kan ontvang. Daar word nog onderhandel: meer inligting sal later deurgegee word!



Laat weet my gerus van enige idees of voorstelle. Kom sien my in Majuba, bel my by 887 3725 of stuur e-pos na [9427015@firga.sun.ac.za](mailto:9427015@firga.sun.ac.za).

**Groete**  
**Johann Lochner**

## Groep Maties veg vir Afrikaans op kampus

**KAAPSTAD.** – Studente gaan 'n versoekskrif by die Universiteit van Stellenbosch versprei waarin hulle vra vir die behoud van Afrikaans as onderrigtaal aan die universiteit.

Die groep het gister benadruk dat hulle onafhanklik is van enige politieke beweging.

"Die enigste doel van die versoekskrif is om die beleidmakers daarvan bewus te maak dat daar 'n groot aantal studente is wat die gebruik en behoud van Afrikaans steun," het 'n woordvoerder, mnr. Cesar Soares, gesê.

Die groep studente sal die versoekskrif aan die rektor, prof. Andreas van Wyk, en die Transformasieforum oorhandig.